The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

30 Oktober 2018

AANKONDIGING OM AANDEELHOUERS OP HOOGTE TE BRING VAN DIE TOELATING VAN BKB BEPERK ("BKB" of "die Maatskappy") TOT DIE AMPTELIKE LYS VAN UITREIKERS OP DIE GELISENSIEERDE SEKURITEITEBEURS WAT DEUR 4 AFRICA EXCHANGE (PTY) LIMITED ("4AX") BEDRYF WORD

4AX-noteringsaansoek

1. Aandeelhouers word verwys na die aankondiging wat op Maandag 30 April 2018 gepubliseer is, waarin aandeelhouers ingelig is oor die direksie van BKB ("**die Direksie**") se besluit om aansoek te doen om die toelating van BKB ("**4AX-noteringsaansoek**") tot die amptelike lys van uitreikers van 4AX ("**BKB 4AX-notering**"). Meer inligting is beskikbaar op 4AX se webwerf *(klik hier)*.

2. Ter aansluiting by voormelde aankondiging, word aandeelhouers hiermee in kennis gestel dat BKB formeel begin het met die 4AX-noteringsaansoek, welke proses in 'n gevorderde stadium is en na verwagting op of ongeveer Donderdag 22 November 2018 ("**Verwagte Noteringsdatum**") afgehandel sal word, waarna regstreekse verhandeling van BKB-aandele moontlik sal wees op 4AX (onderhewig aan die verkryging van die vereiste goedkeurings).

3. Die BKB 4AX-notering (insluitend die Verwagte Noteringsdatum) is onder meer onderhewig daaraan dat 'n finale evalueringsproses afgehandel word deur die 4AX-noteringskomitee vir die regulering van uitreikers, synde 4AX se onafhanklike eksterne evalueringsfunksie vir die oorweging van, en indien geskik geag, toestaan van finale goedkeuring ten opsigte van die 4AX-noteringsaansoek – d.i. om voort te gaan met die BKB 4AX-notering ("**4AX Finale Goedkeuring**").

4. BKB-aandeelhouers sal behoorlik ingelig word oor vordering met die aansoekproses om BKB 4AX-notering, insluitend maar nie beperk nie tot aksies wat van aandeelhouers vereis word, belangrike datums en tye en algemene inligting wat aan BKB-aandeelhouers beskikbaar gestel sal word – *volg asseblief www.bkb.co.za/share-trading/ om alle relevante inligting te sien en af te laai.*

5. Onderhewig daaraan dat 4AX Finale Goedkeuring verkry word en dat die effektiewe BKB-noteringsdatum bevestig is ("**Finale Noteringsdatum**"), word aandeelhouers in kennis gestel dat BKB daarna met die implementering van die BKB 4AX-notering sal voortgaan.

6. Ter voorbereiding van die implementering van die BKB 4AX-notering moet aandeelhouers kennis neem van die volgende belangrike aspekte wat hieronder uiteengesit word.

Huidige BKB-aandeleverhandelingsprosedure

7. Die huidige verhandelingsprosedure waarvolgens BKB voornemende kopers en voornemende verkopers aan mekaar voorstel om ooreenkoms te bereik oor die verkoop en/of koop (insluitend die koopprys) van hul BKB-aandele, sal ongeveer 10 (tien) kalenderdae ("**Toonbank-beëindigingsdatum**") voor die Finale Noteringsdatum ("**Toonbank-beëindiging**") staak.

8. Om die BKB-aandeelhouersregister vir die BKB 4AX-notering voor te berei, en as gevolg van die Toonbank-beëindiging, sal BKB-aandeelhouers vir 'n beperkte periode (±10 kalenderdae) vanaf die Toonbank-beëindigingsdatum tot en met die Finale Noteringsdatum nie in hul BKB-aandele kan handel nie.

9. Beide die Finale Noteringsdatum en die Toonbank-beëindigingsdatum sal vooraf aan aandeelhouers gekommunikeer word.

Dematerialisering van BKB-aandele

10. Met betrekking tot die verhandeling van BKB se aandele ná die BKB 4AX-notering, moet aandeelhouers kennis neem dat, ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Finansiële Markte, Nr. 19 van 2012, handel in BKB se aandele slegs moontlik sal wees indien sodanige aandele in gedematerialiseerde formaat is (d.i. die aandele word nie meer deur 'n formele aandelesertifikaat gerugsteun nie, maar eerder elektronies by 'n makelaar in 'n aandeleverhandelingsrekening gehou wat deur die aandeelhouer geopen is) (**"Gedematerialiseerde Formaat"**).

11. In soverre 'n BKB-aandeelhouer se aandele nie op die Finale Noteringsdatum in Gedematerialiseerde Formaat gehou word nie (d.i. die aandeelhouer hou nog steeds 'n formele aandelesertifikaat wat die aandele rugsteun) (**"Sertifikaatformaat"**), sal sodanige aandeelhouer nie in hierdie aandele kan handel nie totdat hulle in die Gedematerialiseerde Formaat omskep is en die aandeelhouer 'n aandeleverhandelingsrekening geopen het (en die aandele na die aandeleverhandelingsrekening oorgedra is).

12. Om in hul BKB-aandele te kan handel wanneer die BKB 4AX-notering van krag word (d.i. vanaf die Finale Noteringsdatum), sal aandeelhouers dus 'n formele dematerialiseringsproses moet volg om hul BKB-aandele met sertifikate in die vereiste Gedematerialiseerde Formaat te omskep (**"Dematerialiseringsproses"**).

13. Wat die Dematerialiseringsproses betref, sal 'n formele inligtingsbrief op BKB se webwerf beskikbaar gestel word om af te laai – *volg asseblief www.bkb.co.za/share-trading/ om alle relevante inligting te sien en af te laai*.

14. Nadat die Dematerialiseringsproses geïmplementeer is, sal aandeelhouers 'n aandeleverhandelingsrekening moet open, waarna hul BKB-aandele outomaties na hul aandeleverhandelingsrekening asook hul persoonlike 4AX-registerrekening oorgedra sal word (*sien meer inligting in hierdie verband hieronder*).

Hoe om voortaan in BKB-aandele te handel

15. Dit is belangrik om kennis te neem dat handel in BKB-aandele vanaf die Finale Noteringsdatum **slegs** op die 4AX-verhandelingsplatform beskikbaar sal wees deur middel van 'n 4AX-goedgekeurde aandelemakelaar soos A-Trade Proprietary Limited (**"A-Trade"**).

16. Op die datum van hierdie brief is A-Trade die enigste 4AX-goedgekeurde aandelemakelaar, en A-Trade het sekere rekeningopsies beskikbaar gestel vir die verhandeling van sekuriteite op 4AX (soos 'n *A-Trade Algemene Verhandelingsrekening*).

17. BKB-aandeelhouers wat beoog om op of na die Finale Noteringsdatum in BKB-aandele te handel, sal dus:

17.1. 'n A-Trade Algemene Verhandelingsrekeninge kan open; en

17.2. sodra die opening van die A-Trade rekening suksesvol afgehandel is, in BKB-aandele asook aandele van ander 4AX-uitreikermaatskappye kan handel vanaf 'n enkele A-Trade rekening.

18. Die proses om die A-Trade rekening te open is ***gratis***. Verder hoef houers van A-Trade Algemene Verhandelingsrekeninge:

18.1. **nie** maandelikse administrasiefooie te betaal nie; en is hulle

18.2. **nie** aan minimum verhandelingsfooie onderworpe wanneer hulle aandele op die 4AX-beursplatform verhandel nie.

Hoe om 'n A-Trade rekening te open

Om 'n A-Trade aandelemakelaarsrekening te open ter voorbereiding vir die verhandeling van u BKB-aandele (asook aandele van ander 4AX-uitreikermaatskappye), volg asseblief die proses wat hieronder uiteengesit word:

- ✓ Besoek die A-Trade registrasiewebwerf deur die volgende ***skakel*** te gebruik en die registrasie-opdragte stap vir stap uit te voer.
- ✓ U sal die A-Trade mandaat per e-pos ontvang. Dit moet geteken en aan A-Trade teruggestuur word by general@atrade.co.za.

- ✓ Indien u regstreeks met ’n konsultant van A-Trade in aanraking wil kom om u met die registrasie van u A-Trade rekening of enige verwante navrae te help, skakel A-Trade by **087 095 3359**.
- ✓ Sodra u u A-Trade rekening suksesvol geregistreer het, kan u u BKB-aandele aanlyn en op u slimfoon via die A-Trade kliënteportaal (***klik hier***) verhandel deur u A-Trade gebruikernaam en wagwoord te gebruik wat u tydens die registrasieproses ontvang het.

Vir meer inligting oor A-Trade en hoe om ’n A-Trade rekening te open, raadpleeg die **Inligtingsboekie** (klik hier om af te laai). Of besoek www.atrade.co.za of kontak A-Trade ***(1)*** per e-pos by general@atrade.co.za of ***(2)*** skakel **087 095 3359**.

Alle relevante inligting, dokumente en aankondigings in verband met die BKB 4AX-notering en die toekomstige verhandelings van BKB-aandele sal ook op BKB se webwerf vir aandeelhouers beskikbaar gestel word – *volg asseblief www.bkb.co.za/share-trading/ om alle relevante inligting te sien en af te laai.*

Die Direksie moedig BKB-aandeelhouers aan om te kyk na die verskillende platforms en inligtingskanale wat aan aandeelhouers beskikbaar gestel sal word ter voorbereiding vir die implementering van die BKB 4AX-notering.

Verdere kommunikasie aan aandeelhouers sal te geleëner tyd volg.

JOHANNETTE OOSTHUIZEN (MEV)
MAATSKAPPYSEKRETARIS
BKB BEPERK